# P.J. VAN WINTER (1895–1990) : SY BETEKENIS VIR SUID-AFRIKA

**F.A. van Jaarsveld**

Op 6 Maart 1990 is prof. dr. jonkheer P.J. van Winter in die ouderdom van 94 jaar stil en rustig oorlede. In historiese kringe het sy naam huishoudelik in Suid-Afrika geword. Hy het Afrikaans leer praat en geskryf, en 'n aantal Afrikanerstudente tot historici opgelei. Bowe-al het hy Suid-Afrika van advies op allerlei terreine bedien, van kultuur tot politiek. Hy was bekend as 'n vriend van Suid-Afrika en in besonder van die stamverwante Afrikaners. Gebore in 1895 was hy vier jaar oud toe die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het. Hy verteenwoordig 'n geslag Nederlanders wat die oorlog en sy naweë meegemaak en hom bekommer het oor die lotgevalle van stamverwante wat na 'n militêre nederlaag teen wil en dank in die Britse Ryk opgeneem is. Sy kontak met dr. W.J. Leyds, 'n Boerevriend, het sy belangstelling en kennis van Suid-Afrika verdiep. Vir meer as 'n halfeeu was Van Winter 'n sentrale figuur in die kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika. Van 1930 tot 1939 was hy sekretaris van die Nederlands-Suid-Afrikaanse Vereniging (N.Z.A.V.) en sedertdien jare lank lid van die hoofbestuur. In 1928 is 'n professoraat in geskiedenis hom deur die Universiteit van Pretoria aangebied, wat hy egter nie aanvaar het nie.

Sedert 1931 het Van Winter belangrike historiese werk oor Suid-Afrika begin lewer. In 'n *Gedenkboek* wat in 1931 deur die N.Z.A.V. ten tye van sy 50-jarige bestaan (1881-1931) uitgegee is, het Van Winter 'n bydrae gelewer oor "Zuid-Afrika onder Nederlandsch Bestuur" en dit in 1936 opgevolg met "Zuid-Afrika onder Nederlandsch Bewind" in die *Geschiedkundige Atlas van Nederland*. Waar Van Winter voorheen sy belangstelling op Amerika gerig het, het hy dit sedert die dertigerjare op Suid-Afrika gevestig. Nie langer het dit vir hom gegaan om die aandeel van die Amsterdamse handel in die opbou van die Amerikaanse Gemenebes nie, maar om die opbou van Suid-Afrika deur die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-maatschappij wat in 1937-38 onder die titel *Onder Krugers Hollanders* in twee bande verskyn het. Hierdie boek is 'n standaardwerk oor 'n stuk ekonomies-sosiale geskiedenis van Suid-Afrika, wat om die Zuid-Afrikaansche Republiek sentreer. Dit berus op uitgebreide navorsing en is kenmerkend van Van Winter se deeglikheid en objektiwiteitstrewe.

Dit het die wetenskaplike geskiedskrywing oor Suid-Afrika op 'n hoër peil gebring en is 'n kosbare erfenis van 'n tophistorikus van Nederland, wat daar wyd in historiese kringe betrek was.

In 1938, tydens die Voortrekker-eeufeesviering, bring Van Winter Suid-Afrika in *De Gids* onder die aandag met 'n bydrae "Voortrekkers en Trekboeren in de Geschiedenis van Zuid-Afrika", wat gebaseer was op die navorsingswerk van P.J. van der Merwe se trilogie oor die Trekboer. Dit was veel meer as net 'n opsomming daarvan: Van Winter het met skerpte en insig sy eie gedagtes oor die betekenis van die natuurlike uitbreidingsbeweging en die Groot Trek geformuleer, en dus 'n skeppende bydrae gelewer tot die begrip van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Sy belangstelling vir die tema Nederland en Suid-Afrika kom weer in 1940 tevoorskyn in *Nederlanders over de Zeeën* (herdruk in 1955), naamlik "Zuid-Afrika in den Hollandsche Tijd". In 1957 lewer Van Winter twee artikels oor dr. W.J. Leyds, oor wie hy met groot kennis en waardering geskryf het. In *Africana Aantekeninge en Nuus* van 1951 bied Van Winter gespesialiseerde kennis aan in "Geo McCall Theal en de oudste grenzen van Tulbagh", en in 1952 volg 'n artikel van hom, naamlik "De Kaapkolonie in 1710", in die maandblad *Zuid-Afrika*.

Van Winter was lid van talle organisasies verbonde aan die N.Z.A.V. soos byvoorbeeld die "Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten" en "Fonds voor het Hollands Onderwijs in Zuid-Afrika" asook lid van die "Kommissie vir Suid-Afrika" van die "Koninklijke Neder-

landse Akademie voor Wetenschappen". Hy het deel uitgemaak van die amptelike Nederlandse "Commissie van Advies en Coördinatie voor het Cultureel Verdrag tusschen Nederland en Zuid-Afrika" en in 1952 'n belangrike aandeel gehad in die Jan van Riebeeck-herdenking in Nederland. Op Van Winter se inisiatief het in 1946 *Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden* tot stand gekom, waarvan hy tot 1953 as hoofredakteur opgetree het, waarin hy voorsiening gemaak het vir 'n jaarlikse "Zuid-Afrikaansche Kroniek" wat 'n oorsig bied oor wat op historiese terrein jaarliks in Suid-Afrika gepubliseer is. 'n Aantal Suid-Afrikaanse studente was ná die oorlog by Van Winter in die leer. Wolfram Kistner het in 1950 by hom aan dieRijksuniversiteit Groningen gepromoveer oor *The Anti-Slavery Agitation against the Transvaal Republic,* 1852-1868 (Argiefjaarboek 1952-II). In 1950 het F.A. van Jaarsveld by Van Winter gedoktoreer op 'n proefskrif wat gepubliseer is onder die titel *Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners,* deel I: *Pioniershartstogte 18365-1864* (Johannesburg 1951). By Van Winter het ook gestudeer prof. Colin Coetzee (Fort Hare), terwyl prof. D.J. Kotzé (Stellenbosch) van sy klasse bygewoon het. As erkenning van Van Winter se bydrae tot die bevordering van die Suid-Afrikaanse kultuur is hom in 1953 'n eredoktorsgraad deur die Universiteit Stellenbosch en in 1973 deur die Universiteit van Suid-Afrika aangebied.

Van Winter het Suid-Afrika dikwels besoek en voorlesings gehou. Daarin het hy waardevolle advies aan sy Afrikanerstamgenote gegee; in 1953 onder andere, het hy gewaarsku teen "dooie tradisie" wat die Afrikaners vir toekomsmoontlikhede kan verblind en teen "beroepsafrikaners" wat by die poorte met 'n knuppel sit en net Afrikaners van 'n sekere tipe deurlaat: Liberaal-denkende Afrikaners was uitgesluit van Sionsmure tot nadeel en verarming van die Afrikanergees. As politieke en kultuurleiers toe maar na Van Winter se skerpsinnige raad geluister het, sou daar waarskynlik nie soveel teëspoed op die blinde apartheidsweg voorgelê het nie, en kon dwaalweë sedert 1948 vermy gewees het. In die maandblad *Zuid-Afrika* het Van Winter diepe insig in die Suid-Afrikaanse situasie getoon en dikwels waarskuwings gerig, veral ná 1948. Dit was krities-simpatieke raad, dikwels die uitvloeisel van sy bekommernis oor die dwaalweë wat deur beroepspolitici en kultuurbewakers gevolg is.

Van Winter se wetenskaplike metode soos in sy seminare beoefen, het 'n blywende indruk op sy studente gemaak en hulle werk sterk beïnvloed. Vir my was dit 'n voorreg om vanaf 1948 tot 1950 'n leerling van Van Winter te kon gewees het. Hy was 'n lojale en vaderlike vriend.